

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 02 May 2018
Page: 32

AVE: 35655.40
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

# Prof bedank uit protes

## Sê 'ou' IAAF se idees geld steeds

**Marizanne Kok**

'n Tuks-professor wat as een van die wêreld se voorste sport-regskenners beskou word, het bedank uit die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se Dissiplinêre Tribunaal uit protes teen die organisasie se hantering van vroue met hoër testosteroonvlakke.

Steve Cornelius, 'n professor in Tuks se regsfakulteit, het in 'n brief gerig aan Sebastian Coe, die IAAF-president, gesê hy het 'n gewetensbeswaar teen die atletiekliggaam se nuwe testosteroon-regulasie, wat die doodskoot vir die Olimpiese 800 m-kampioen, Caster Semenya, se loopbaan kan wees.

Die IAAF het verlede week aangekondig dat Semenya en ander vroue met hoë testosteroonvlakke van November af medikasie sal moet neem om hul testosteroon tot 5nmol/liter te beperk. Die Kaapse sportsielkundige Ross Tucker beraam dat dit Semenya met 6 of 7 sekondes stadiger kan maak in die 800-wedloop.

"Dit was 'n eer om aangestel te word op die IAAF-tribunaal, maar ongelukkig kan ek nie met 'n skoon gewete aangaan om myself te vereenselwig met 'n organisasie wat spesifieke atlete verstoot bloot oor dit wat hulle gebore is om te wees nie," het Cornelius in die brief geskryf.

"Die aanvaarding van die nuwe regulasies vir vroulike klassifikasie is gegrond in dieselfde soort ideologie wat tot van die ergste misdrywe en wreedhede in die geskiedenis van ons planeet aanleiding gegee het.

"Dat die IAAF in die 21ste eeu, wanneer ons veronderstel is om meer verdraagsaam en bewus van fundamentele menseregte te wees, selfs sulke aanstootlike regulasies kan oorweeg, wys dat



**Prof. Steve Cornelius** Foto: TUKS

die verouderde idees van die 'ou' IAAF steeds geld.

"Beloftes van hervorming was inderdaad leeg."

Cornelius het ook in 2016 sy beswaar teen die IAAF se benadering tot hiperandrogenisme uitgespreek.

"Die IAAF is op 'n gevaarlike pad van bekrompenheid, seksisme en rassisme. Hulle wil die onverdedigbare verdedig," het hy toe geskryf.

"Of 'n vroue-atleet 'n voordeel oor ander vroue-atlete het bloot omdat sy van nature hoër testosteroonvlakke het, is net so relevant soos of 'n manlike atleet met hoër testosteroonvlakke 'n voordeel oor ander mans het.

"Dis net so relevant soos of 'n hoogspringer wat oor die twee meter lank is 'n onregverdige voordeel het oor die gemiddelde atleet. Dis net so relevant soos of 'n diskusgooier met akromegalie ('n toestand waar 'n oormaat groeihormone tot groter hande en/of ander liggaamsdele lei) 'n voordeel oor die gemiddelde atleet het."

Cornelius, wat vier maande op die IAAF-tribunaal gedien het, het gister gesê sy besluit om daarvan weg te stap is nie net geneem oor hoe die nuwe regulasie Semenya raak nie, maar ook haar teenstanders.

"Vir my is hierdie 'n groter beginsel as net Caster. Ewe skielik is alle vroue in die items ter sprake (die 400 m, 400-hekkies, 800 m, 1 500 m en myl) onder verdenking," het Cornelius gesê.

"En dan het jy natuurlik die kwessie dat dit reeds wetenskaplik bewys is dat mans met hoë testosteroonvlakke 'n voordeel oor die res het, maar niks word daaroor gesê nie."

Cornelius, wat ook op die tribunaal van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport (SAIDS) dien, het gesê daar is boonop nou 'n onbestendigheid in die IAAF se stryd teen opkikkergebruik aan die een kant, en die nuwe regulasie aan die ander.

"Dit het 'n ou soos (die fietsryer) Lance Armstrong vrygestaan om self te besluit hy wil allerhande goed in sy lyf sit om 'n voordeel oor die res te kry. Maar nou het jy 'n jong outjie wat by sy span aansluit en net saam met Lance Armstrong wil ry, maar hy moet hoor hy kan dit net doen as hy ook allerhande pille drink en verneuk.

"Die IAAF beveg dit, maar sê nou terselfdertyd vir sekere vroue hulle moet pille drink as hulle wil aanhou deelneem. Hoe maak dit sin?"

Cornelius sê hy het nog nie 'n woord gehoor van Coe of die ander persone aan wie hy sy brief gestuur het nie, maar daar was wel reaksie van ander mense regoor die wêreld.

"Die reaksie op my besluit is oorweldigend positief en dis duidelik dat daar ander mense is wat soos ek voel.

"Dis bemoedigend dat die Kanadese Atletiekfederasie nou ook uitgekom het en hul besorgdheid oor die regulasie uitgespreek het."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.